# Hillcrest High School

**Graad 10**

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

## OKTOBER/NOVEMBER 2024

**PUNTE: 80** **EKSAMINATOR: Mev. A. Wessels**

**TYD: 2 uur** **MODERATOR: Mev. R. Jordaan**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING:

**NB: SKRYF JOU ONDERWYSERES SE NAAM OP DIE DEKBLAD.**

**Me. Jordaan, Middelton, Wessels, Strydom, Henderson**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Leesbegrip | (30) |
| Afdeling B: | Opsomming | (10) |
| Afdeling C: | Taal | (40) |

2. Volg die instruksies by elke afdeling en vrae noukeurig.
3. BEGIN ELKE AFDELING EN VRAAG OP ‘N NUWE BLADSY.
4. Trek ‘n streep na elke vraag.
5. Nommer jou vrae soos gebruik in hierdie vraestel.
6. Skryf in die taal wat geassesseer word.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Laat ‘n reël oop na ELKE antwoord.
9. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute

   AFDELING B: 20 minute

   AFDELING C: 50 minute

10. Lekker skryf.

## AFDELING A LEESBEGRIP

### VRAAG 1 ARTIKEL
### TEKS A

### Vreemde skole (*Verwerk van* www.careeraddict.com/10-most-unusual-schools-in-the-world)

Die manier hoe kinders skoolgaan verskil van land tot land, maar almal wil kinders voorberei en help om hulself te verbeter. Die skole hieronder is anders as waaraan julle gewoond is. Jy mag dalk wens dat jou skool so kon wees!

1. Bootskool van Bangladesh



   Daar is baie vloede in Bangladesh wat skoolgaan baie moeilik maak. Dit is ook 'n baie arm land. Die mense moet daarom interessante planne maak en hulle gebruik bote vir skole en biblioteke. Hierdie skole is die hele jaar oop. Die bote laai die leerlinge langs rivieroewers op en die skooldag begin. Aan die einde van die dag word hulle huis toe geneem en die volgende groep leerlinge word opgelaai. Die seuns kry die eerste keuse om die skool by te woon.

2. Dong Zhong: Die grotskool, China



   Dong Zhong se populêre grotskool leer kinders al vanaf 1984. Dit is geleë in een van China se armste areas naby die Mao-dorpie in die Ziyun-distrik. Die skool is vir kinders begin wat nie by 'n skool kan kom nie. Tot 2011 het hierdie unieke skool 8 onderwysers gehad wat 186 studente geleer het. Die Chinese regering het die skool gesluit, want hulle het besluit dat hulle nie 'n gemeenskap van grotmense is nie, maar hulle het nie die probleem opgelos nie.

3. <u>Skole op treinplatforms, Indië</u>



As bote gebruik kan word, waarom nie treine nie? Die Indiëronderwyser Inderjit Khurana het gehelp om spesiale skole regoor Indië te skep om kinders te help om skoolopleiding te kry in plaas van vir geld bedel. Hierdie treinskole vind plaas by treinhaltes in Indië op platforms om brandarm kinders te help. Bhubaneswar treinstasie is een van die bekende platformskole. Tot nou toe het hierdie skole 4 000 kinders gehelp om sorg, kos en medisyne vir hulle gesinne te kry.

**VRAE:**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Hoekom moet kinders, volgens die leesstuk, skool toe gaan? | (1) |
| 1.2 | **Daar is 'n tekort aan water in Bangladesh.** | |
| 1.2.1 | Motiveer deur EEN woord aan te haal hoekom hierdie stelling ONWAAR is. | (1) |
| 1.3 | **Het die mense in Bangladesh baie geld?** | |
| 1.3.1 | Antwoord JA of NEE. Haal VIER AGTEREENVOLGENDE woorde aan om jou antwoord te motiveer. | (1) |
| 1.4 | Waarvoor anders, behalwe vir skole, word die bote nog gebruik? | (1) |
| 1.5 | Motiveer waarom die volgende stelling WAAR is. | |
| | Die leerlinge van hierdie boot skole het geen skoolvakansies nie. | (1) |
| 1.6 | Hoe oud was die grotskool toe dit toegemaak is? | (1) |
| 1.7 | **Daar is nie nog 'n skool soos die grotskool nie.** | |
| 1.7.1 | Stem jy saam met die stelling? Antwoord JA of NEE. Haal 'n EEN woord aan om jou antwoord te motiveer. | (1) |
| 1.8 | Waar is die armste gedeelte van China geleë? Gee die dorpie en die distrik se name. | (2) |
| 1.9.1 | Hoeveel onderwysers het by die grotskool skoolgehou? | (1) |
| 1.9.2 | Hoeveel kinders sou in elke onderwyser se klas wees as daar klaskamers was? | (1) |

1.10.1 Wie het die grotskool gesluit? (1)

1.10.2 Verduidelik hoekom. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer.

**Wat beteken dit vir die mense van die Mao-dorpie dat die probleem nie opgelos is nie?**

A Hulle kry nie onderwysers nie.
B Hulle kinders kan nie meer skool toe gaan nie.
C Te veel toeriste kom na die grot kyk.
D Die kinders wil nie skool toe gaan nie. (1)

1.12 Pas die beskrywing in Kolom B by die stelling in Kolom A. Skryf slegs die nommer en letter neer. Bv. 1.12.1 P

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.12.1 | 'n Grotskool | A | Dis ontwerp om arm mense te help. |
| 1.12.2 | 'n Moderne skool | B | Dit voorsien sorg, kos en medisyne. |
| 1.12.3 | Treinskole is belangrik | C | Dit help dat mense nie verdrink nie. |
| 1.12.4 | Die ooreenkoms tussen die drie skole | D | Hulle het toegang tot moderne geriewe. |
| | | E | Net een area is beskikbaar om in klas te gee. |

(4)

1.13 Waar sal jy treinskole in Indië kry? (1)


1.14 Waar is een van die bekende platvormskole? (1)

1.15 Wat doen die arm kinders in Indië dikwels? Gee EEN woord. (1)

1.16 As jy in hierdie tipe situasie was, watter skool sou jy kies en hoekom kies jy die spesifieke skool? (1)

**[22]**

**TEKS B INFOGRAFIKA**



**VRAE:**

1.17 **Wat beteken die woord "toeka"?**

Kies die korrekte antwoord en skryf net die vraagnommer en die letter neer:

A gister.
B nou.
C 'n rukkie gelede.
D lank gelede. (1)

1.18.1 Hoe het die meeste kinders in 1979 by die skool gekom? (1)

1.18.2 Hoe het die minste kinders in daardie jaar by die skool gekom? (1)

1.19 Watter manier van vervoer is nie in 1979 gebruik nie, maar word in 2019 gebruik? (1)

1.20 In watter jaar het die meeste ouers hulle kinders self afgelaai? (1)

1.21 Gee 'n ander woord vir *poegie* uit die teks. (1)

1.22 **Die MyCITI-busse word op plase gebruik.**

1.22.1 Motiveer hoekom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.23 Wat beteken die % teken na die syfers, bv. 46%? (1)

**[8]**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Instruksies:**

- Lees die teks aandagtig deur.
- Som die **7 maniere om vir die nuwe seisoen voor te berei** op
- Nommer jou sinne van 1 tot 7.
- Laat 'n reël oop na elke sin.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui aan die einde van die opsomming aan hoeveel woorde jy gebruik het.

**TEKS C**

**MANIERE OM JOU VIR DIE NUWE SEISOEN VOOR TE BEREI.**

Die lente is hier en dit is nou tyd om daardie wintervaalte uit jou te kry en weer 'n huppel in jou stap te sit.

'n Goeie manier om jou lewe weer reg te kry, is om al die halfvoltooide take klaar te maak, soos byvoorbeeld halfgelese boeke klaar te lees. Niks is lekkerder as jy iets afgehandel het nie, al is dit ook iets eenvoudig.

Begin ook om oulike plekkies in jou dorp waarvan jy vergeet het, te herontdek of om plekke waarby jy nog nooit uitgekom het nie, te besoek.

Ontgif jou liggaam deur 'n gesonde en voedsame dieet te volg, om meer water te drink en weg te bly van rommelkos.

Moenie die belangrikheid van 'n goeie nagrus of 'n middagslapie, hoe kort ook al, onderskat nie. Dit verbeter jou energie en dit laat jou goed lyk.

Maak jou kamer skoon deur onnodige goed vir liefdadigheid te gee. Dit sal 'n mens altyd baie goed laat voel.

Jou liggaam sal oefening waardeer, maar onthou om stadig te begin: 'n paar treë op 'n slag, klim trap in plaas daarvan om die hysbak te gebruik, parkeer jou motor verder weg wanneer jy winkels toe gaan.

Dis 'n nuwe seisoen. Dis 'n goeie tyd om iets nuuts te begin, iets wat jy miskien al lankal wou doen, soos kuns, fotografie, in die berge te gaan stap, jou familie besoek of om op 'n bootreis te gaan ...

[Aangepas uit: © Media24. 03/9/2013 – Leefstyl]

**TOTAAL AFDELING B: (10)**

## AFDELING C: TAAL EN TAALSTRUKTURE

**VRAAG 3: SPOTPRENT**

**TEKS D**




3.1 In watter graad is die twee kinders? (1)

3.2.1 Kyk na die prentjie. Watter sportsoorte speel die seuntjie wat daar woon? Noem TWEE. (2)

3.2.2 Motiveer jou antwoord. (2)

3.3.1 Hoe voel die ma dat haar kind skool toe gaan? (1)

3.3.2 Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Watter soort troeteldier het die gesin? (1)

3.5 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Die buurman het die kinders gegroet. (1)

3.6 Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD en skryf dit neer.

Die man (wie/wat) vir hulle waai, is vriendelik. (1)

**TOTAAL VRAAG 3: (10)**

**VRAAG 4: ADVERTENSIE**

**TEKS E**



| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Wie is die adverteerder in hierdie advertensie? | (1) |
| 4.2 | Noem TWEE maniere hoe die adverteerder die leser se aandag trek. | (2) |
| 4.3 | Skryf die AFKORTING (SA) in die kop van die advertensie, voluit. | (1) |
| 4.4 | Skryf die volgende sin in die ONTKENNING.<br><br>Die land se nommer een boerewors is die beste keuse vir jou volgende braai. | (1) |
| 4.5.1 | Wat word hier geadverteer? | (1) |
| 4.5.2 | Noem TWEE van die borge. | (2) |
| 4.6 | Skryf die datum **2019** in woorde. | (1) |
| 4.7 | Skryf die RANGTELWOORD vir die wenner neer. | (1) |

**TOTAAL VRAAG 4: (10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

Die taalvrae wat volg is op die artikel hieronder gebaseer. Voer die opdragte uit volgens die genommerde gedeeltes in die leesstuk.

**TEKS F**

**Pünktchen, die vark, blaf soos 'n hond**

Kaapstad. – In Houtbaai woon 'n vark wat **5.1.1** (hom/dit/haar**)** verbeel sy is 'n hond. **5.1.2** (I.p.v.) snork, blaf sy selfs om dit te bewys. Pünktchen, 'n logge **5.1.3** (sog) is een van die gesin Perabo se vyf waghonde. **5.1.4** (as jy voor hulle huis stop kom pünkten al waggelend saam met 'n Doberman en 'n Staffordshire bulterriër na die hek) En dan hoor jy dit: haar "geblaf" is selfs harder as die honde **5.1.5** (sin/syne/s'n).

Haar trotse eienaars, Hans en Annelie, sê haar gewoontes kom uit haar **5.1.6** (kleinvarkiedag). Sy was so klein dat sy tussen die hondjies in hul **5.1.7** (mandjie) geslaap het. **5.1.8** (Pünktchen het baie vet geword. Sy het gou op die gladde teëls begin gly.) **5.1.9** ( Sy kan later glad nie meer vastrapplek kry nie.)

Pünktchen het lekker kos geëet.
**5.1.10** (Almal vra die Perabo's: "Het julle 'n vark as troeteldier?") Hulle wil ook weet: **5.1.11** ( "Sy eet <u>'n hele emmer mielies en baie oorskiet groente</u>.") **5.1.12** Hoe (baie) sy natiuurlik eet, hoe vetter word sy.

Haar pogings om vriende met die pluimvee te maak, laat vir **5.1.13** (meneer) Perabo wonder. Hulle het Pünktchen onlangs met 'n veer in die bek betrap nadat **5.1.14** (baie van die hoenders het verdwyn). Hulle besef die gevleuldes se "vriend" is waarskynlik hulle vyand. Die gesin hou die situasie nou fyn dop.

Verwerk uit: Beeld, 18 November 2003

5.1.1 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies.

In Houtbaai woon 'n vark wat (hom/dit/haar**)** verbeel sy is 'n hond. (1)

5.1.2 Skryf die afkorting in die volgende sin uit.

(I.p.v.) snork, blaf sy om dit te bewys. (1)

5.1.3 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Pünktchen, 'n logge (sog) is een van die familie. (1)

5.1.4 Skryf die sin oor en vul die LEES- EN SKRYFTEKENS in.

as jy voor hulle huis stop kom pünktchen al waggelend saam met 'n Doberman en 'n Staffordshire bulterriër na die hek (1)

5.1.5 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD.

En dan hoor jy dit: haar "geblaf" is selfs harder as die honde (sin/syne/s'n). (1)

5.1.6 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Haar trotse eienaars, Hans en Annelie, sê haar gewoontes kom uit haar (kleinvarkiedag). (1)

5.1.7 Gee die VERKLEINWOORDJIE van die woord tussen hakies.

Sy was so klein dat sy tussen die hondjies in hul (mandjie) geslaap het. (1)

5.1.8 Verbind die twee sinne met die VOEGWOORD gegee.

Pünktchen het baie vet geword. Sy het gou op die gladde teëls begin gly. (gevolglik) (1)

5.1.9 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Sy kan later glad nie meer vastrapplek kry nie. (1)

5.1.10 Skryf die sin oor in INDIREKTE REDE.

Almal vra die Perabo's: "Het julle 'n vark as troeteldier?" (1)

5.1.11 Verander die stelsin in 'n VRAAG sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

Sy eet <u>'n hele emmer mielies en baie oorskiet groente</u>. (1)

5.1.12 Gee die korrekte vorm van die TRAPPE VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Hoe (baie) sy natuurlik eet, hoe vetter word sy. (1)

5.1.13 Gee die AFKORTING vir die woord tussen hakies.

... laat vir (meneer) Perabo wonder. (1)


5.1.14 Skryf die gedeelte tussen hakies in die korrekte WOORDORDE.

Hulle het Pünktchen onlangs met 'n veer in die bek betrap nadat (baie van die hoenders het verdwyn). (1)

**(14)**

**5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae**

**TEKS G**




[Uit: *Spots. New way, easy start.* 1992]

5.2.1 Kies die korrekte spelling.

Die vark hou ‘n (spieel/spieël) in sy hand. (1)

5.2.2 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (beertjie, bal) lê op die grond. (1)

5.2.3 Kies die korrekte woord.

Die vark se (kleure/klere) lê oral in die kamer rond. (1)

5.2.4 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Die stoel staan _________ die bed. (1)

5.2.5 Skryf die getal (4) in woorde. (1)

5.2.6 Vul die ontbrekende woord in.

Daar is ‘n _________ in die papbord. (1)

(6)

**TOTAAL VRAAG 5: [20]**
**TOTAAL AFDELING C: [40]**
**GROOTTOTAAL: 80**